



## Die Kerk en die Covid-19-pandemie

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die derde vlag van die Covid-19-pandemie is op ons. Teen dié tyd het talle onder ons reeds die virus onder lede gehad of ken ons mense wat siek geword en selfs gesterf het. Naïewe opmerkings aan die begin van die pandemie dat dit maar net “nog ’n griepvirus” is, het plek gemaak vir ’n nugter begrip van die dodelike gevaar wat hierdie koronavirus vir die gemeenskap inhou. Talle mense getuig van die verskriklike moegheid, pyne, asemnood en ander simptome wanneer die virus jou beetpak, om nie van die angs en geestelike spanning te midde van die siekte te praat nie.**

Die ontwrigting van ons normale lewenswyse is daarom onvermydelik. Dit sluit beperkinge op ons eredienste, sakramentsbediening, huwelike, begrafnisse en al ons gemeentelike en sinodale aktiwiteite in. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het groot waardering vir die konstruktiewe aanpassings wat predikante, kerkrade en gemeentes gemaak het om steeds sinvol met die bediening van die Woord voort te gaan. Daar is oorfloedige getuienis van gemeentes wat uitreik na lidmate en ander mense in die gemeenskap wat negatief deur die inperkings en werksverliese geraak is. Tydens aanlyngesprekke met predikante van regoor die land het die Kommissie aan die begin van 2021 onder die indruk gekom van die positiewe gees en toewyding van ampsdraers en lidmate te midde van die uitdagings wat die pandemie oor ons weg gebring het. Dit is kragtige getuienis van die vertrouwe dat God regeer en die hoop wat gelowiges onder alle omstandighede inspireer.

Die Kommissie doen ’n beroep op lidmate en ampsdraers om steeds getrou te hou by al die maatreëls wat die verspreiding van die virus kan beperk. Na amper 15 maande van inperkings is daar by party mense soms ’n ontstellende ongeërgdheid oor maatreëls om die verspreiding van die virus te bekamp. Dit hou groot gevaar in – indien nie vir jouself nie, beslis vir ander.

Die Kommissie is wel baie dankbaar oor die entstof wat ontwikkel is en nou geleidelik aan meer mense beskikbaar gestel word – eers aan mediese personeel en nou ook aan ouer mense. Ons bede is dat die inentingprogram momentum sal kry sodat al meer mense binne die volgende weke en maande ingeënt kan word, en so teen die ergste gevaar beskerm kan word. Talle lidmate het reeds die inenting ontvang en, afgesien van ligte nuwe-effekte in sommige gevalle, kan almal nou weer hul dagtaak met gemoedsrus verrig. Daar word wyd getuig oor vriendelike, professionele diens van die mediese personeel wat mense teen die virus inent.

Danksy inentings kan ons uitsien na ’n dag wanneer ons weer al ons normale aktiwiteite sal kan hervat. Waar gemeentes dus in ’n posisie is om hul kerklike fasiliteite beskikbaar te stel as sentra vir inenting, dra hulle by tot die normalisering van die gemeenskap se lewe. Dit is terselfdertyd ook ’n geleentheid om te getuig van God se genade vir weerlose mense, en van die liefde vir alle mense wat ons by ons Here Jesus Christus geleer het.

Intussen roep die Kommissie elke lidmaat en ampsdraer op om in die besonder voorbidding te doen vir mediese personeel, mense wat noodsaaklike dienste verrig, onderwysers, skoliere en ander wat onvermydelik daagliks met talle ander mense kontak moet hê en so ’n groter risiko loop om met die virus geïnfekteer te word.

Mag die Here ons seën en beskerm, ons gebede verhoor en aan ons almal vrede gee.

**Herderlike skrywe  
Kommissie van die Algemene Kerkvergadering**

## Lief en leed

- Emerituspredikant **ds JJ (Johan) du Toit** (84) is Maandagaand 7 Junie oorlede. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Rina, hul kinders en kleinkinders, en die res van hul familie. Die egpaar het sedert April 2019 in Huis Hermon gewoon. Ds Du Toit was vir meer as twee jaar bedlêend – die fisiese agteruitgang was weens die neuropatie wat ongeveer tien jaar gelede gediagnoseer is. Hy was van 16 tot 27 Mei in Eugene Marais-hospitaal en sedert sy ontslag nie meer by sy positiewe nie. In die hospitaal is hy vir nierversaking behandel. Hul dogter, René Engelbrecht, laat weet soos volg: “My ma was gisteraand [7 Junie] deurentyd langs sy bed. Ek het hulle Sondag besoek. Hy het my nog vir ’n oomblik herken. Hy en my ma was 58 jaar getroud. Ons is twee dogters en twee skoonseuns. Daar is vier kleinkinders – twee dogters en twee seuns. Daar is ook ’n agterkleindogter. My pa het geglo dat ’n mens jou medemens met dieselfde respek en deernis moet behandel as wat jy van jou medemens vra.” Die **roudiens** op **Vrydag 18 Junie om 14:00** in **Gemeente Oos-Moot** sal gelei word deur dr Johan Bester.



- Emerituspredikant **ds PR (Philip) Prinsloo** het ’n galblaasoperasie ondergaan; daar het komplikasies ingetree en hy was baie siek, maar is intussen ontslaan en sterk tans tuis aan. **Oudl FJ (Fred) Paynter**, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, se galblaas gaan binnekort verwyder word nadat galstene gevind is toe hy onlangs ernstig siek was; hy gebruik tans medikasie om te verseker dat die inflammasie volkome onder beheer is wanneer die operasie gedoen word.
- Emerituspredikant **dr JGM (Hans) Dreyer** het ’n knieërvanging ondergaan, en **ds L (Leon) Geel (sr)** van Grimbeekpark herstel goed na sy voetoperasie.
- **Dr PJ (Piet) van Staden** (emeritus, vroeër van Philadelphia) het ’n rugoperasie ondergaan om sewe rugwerwels met ’n fusie te heg, en **ds JR (Jan) Kramer se vrou, Maryna**, herstel tans tuis na haar suksesvolle rugoperasie.
- Dit gaan beter met **ds en mev Marius Bacon (em) se seun** in Nieu-Seeland na ’n fratsongeluk waarin hy sy rug beseer het. Hy het reeds met behulp van krukke begin loop en ontvang steeds behandeling.
- Intussen raak die ontstellende **lys Covid-19-gevalle** onder ons lidmate en predikante net langer. **Ds GS (Stephan) Botha en sy vrou, Retha**, van Groot Marico is tans ernstig siek; ds Botha is in die hospitaal opgeneem maar intussen ontslaan. **Ds J (Japie) Coetzee en sy vrou, Yvonne**, ontvang steeds behandeling vir Covid-19 in die Milpark-hospitaal; hy is tans stabiel in die Intensiewesorgeenheid. **Ds Y (Yolandé) de Lange** (beroepafwagter) het vir die tweede keer Covid-19, en **haar ma** is ook ernstig siek daarmee. **Ds WJJ (Willem) Kok** van Potchefstroom het Covid-19 opgedoen, maar het goed herstel en reeds die onlangse vergadering van die Kommissie van die AKV bygewoon. **Dr EB (Ernest) en mev Roelien Marran** van Losberg het goed herstel. **Ds JPC (Jasper) van der Westhuizen** van Randfontein Midpark/Westonaria **en sy vrou, Cia**, is nog baie siek, maar ervaar gelukkig nie asemnood nie. **Ds Hennie van der Linde** herstel nog. **Ds PS (Peet) Esterhuizen** van Wonderboom het ook positief getoets. Dit gaan al beter met **mev Anél Oxtan** van Wapadrant en haar ouers; **haar ouma**, wat by haar ouers gebly het, is ongelukkig onlangs oorlede. ’n **Niggie van mev Yolanda Malan** van die Sinodale Dienssentrum is weens Covid-19 oorlede. Emerituspredikant **ds WRT (Tertius) Hindley** het gelukkig toe nooit Covid gehad nie! Ons bid vir al ons mense wat in hierdie dae met die siekte worstel.

- Gelukkig groei die lys van persone wat reeds hul **eerste Covid-inentings** ontvang het ook. **Dr André Ungerer, prof Wim Dreyer en oudle Petro van Niekerk, Dries le Roux, André Pieterse en Renier Labuschagne** van die Kommissie van die AKV het hul eerste inentings ontvang, asook **ds Paul Kern** (emeritus/NGK Nietverdiend) **en sy vrou, Veronica**. Van die Sinodale Dienssentrum het **mev Marié van Niekerk en haar man, Jannie**, en **mev Tessa Oppermann en haar man, Japie**, ook reeds hul eerste dosisse ontvang.



Petro en Louis van Niekerk



Diak Roy McEwan en ds CJ van Wyk



Ds Johann de Bruin

- **Diak Roy McEwan** (Newlands) het Hugenotekollege se tweejaardi diploma in missionale leierskap suksesvol voltooi. Hy is die eerste Hervormer wat die kursus voltooi het, en hy speel 'n aktiewe rol in Gemeente Newlands en die plaaslike gemeenskap waar hy sy vaardighede aanwend om die evangelie na mense buite die bestaande geloofsgemeenskap uit te dra.
- **Ds CJ (Johann) de Bruin** vier sy **25-jarige ampsjubileum op 20 Junie om 09:00** in sy tuisgemeente, Wonderboom-Suid. Besoekers is welkom – laat weet net by 082 733 3951. Ds Johann is op 23 Junie 1996 in Witpoortjie georden, bedien daarna Brakpan, toe Heilbron, en tot 2012 Wonderboompoort. Tans is hy met siekte-emeritaat en deel sy liefde vir kerkgeskiedenis by die SP Engelbrecht-museum.
- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Junie 2021, en word hartlik geluk gewens:**
  - Saterdag 12 Junie: Ds NCJ (Nico) Brayshaw (83) (emeritus)
  - Sondag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (80) (emeritus)
  - Maandag 14 Junie: Ds GFJ (Gert) Beukes (65) (emeritus/Coligny)
  - Dinsdag 15 Junie: Dr RA (Rudy) Denton (53) (Potchefstroom-Studente)
  - Woensdag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (59) (emeritus/Letsitele)
  - Vrydag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (62) (emeritus) en ds DJR (Danie) Malan (55) (Johannesburg)

## Gemeentes en bediening



Dr Johan Bester

- **Dr JP (Johan) Bester** (Pretoria Noorderlig) is weer beroep na Pretoria Noorderlig. Hy het die beroep aanvaar en word op 1 Augustus bevestig.
- Weens die Covid-19 gevalle wat toeneem en gemeentes se terugvoer aangaande die bywoning van vanjaar se ringsvergadering, het die **Ringskommissie van Noord-Kaapland** besluit om die **fisiese ringsvergadering af te stel**. Daar is egter sake waaraan dringend aandag gegee moet word. Die Ringskommissie gaan vergader en die belangrike sake uitlig om aan gemeentes te stuur vir bespreking en terugvoer aan die Ringskommissie. Die agenda en bylae sal ook uitgestuur word sodat elke kerkraad hulself kan vergewis van die sake ter tafel.
- Die **Pretoriase Middestadsbediening PEN** bedryf 'n **herwinningsprojek** waarby sowat 25 gemeentes reeds betrokke is en waardeur papier, karton, plastiek, glas en blikkies herwin word. Hulle wil graag met meer Pretoriase gemeentes hande vat. Hulle kan 'n gemeente help om 'n netjiese herwinningstasie op die kerkterrein te vestig, en hulle kom haal dan op 'n gereelde basis die herwinbare afval. Dit is vir 'n gemeente 'n manier om by lidmate 'n omgewingsbewustheid te kweek en om te sorg vir die aarde. By sommige gemeentes het dit ook 'n kontakpunt met die breër gemeenskap geword omdat nie-lidmate ook hul herwinbare afval daarheen bring. Verder verskaf die projek reeds 'n inkomste aan meer as 200 arm mense wat herwinbare afval versamel. Enige gemeente wat belangstel om hierby in te skakel of wat bloot meer inligting wil hê, kan **ds Fouché de Wet skakel by 073 234 0156**.
- 'n Lidmaat van **Gemeente Vliegpoort in Thabazimbi** bou tans 'n kerkie op hul plaas vir ongeveer 50 persone. Hulle benodig ou kerkbanke, 'n klok en 'n podium. Kontak mev Juline Mulder by [nhkvliege@lantic.net](mailto:nhkvliege@lantic.net) / 082 251 0206 / 063 930 3696 indien u kan help.
- **Gemeente Wonderboom-Suid** (gestig 21 Junie 1970, kerk gebou 1974) beoog om met onder andere 'n gedenkbundel die gemeente se 50 plus bestaansjare te gedenk. As u oor ou foto's beskik, soos troufoto's in en by die kerkgebou, begrafnisfoto's, doopfoto's, katkisasie, kerkraad, NHSV, ensovoorts, skandeer dit en stuur dit asseblief aan ds C Johann de Bruin by [cjdb@boomaap.co.za](mailto:cjdb@boomaap.co.za) of skenk dit aan die gemeente vir uitstalling. Oudlidmate word ook genooi om staaltjies neer te skryf of op te neem en te stuur, selfs stembodskappe, na 082 733 3951. Interessantheide oor die bou van die pastorie en kerk, basaars, eredienste, dominees en so meer is baie welkom. Ons sien uit na u bydraes!

- Besoekers kan afspraak maak met **ds C Johann de Bruin** om ons Kerkmuseum, **die SP Engelbrecht-museum**, in Eloffsdal, Pretoria te besoek. Skakel of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 082 733 3951. Die Museum word per afspraak oopgemaak; reël net 'n dag of twee vooraf. R25 per persoon.
- **Vakante werkruiimte.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, vir **Gemeente Ermelo** wat op 31 Augustus 2021 vakant raak.

**Gemeenteprofiel:** Die gemeente bestaan sedert 1909 en is een van twee NHKA-gemeentes in Ermelo. Die sieletal is tans ongeveer 312. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n groot aantal lidmate in die ouderdomsgroep 35-60. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ruim pastorie.

**Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Liturgies deurdenkte, goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente kan van aansoekers verwag om 'n erediens in die gemeente waar te neem gedurende die tyd van vakantskap.

**Posbeskrywing:** Dit is 'n voltydse standplaas wat van die predikant alles verwag soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal volgens die skale en Kerkorde van die Kerk bereken en hanteer word met inagneming van die aantal jare diens. Dit kan insluit gratis inwoning in die pastorie en munisipale koste, of dalk 'n subsidie vir eie behuising. Diensaanvaarding is so gou moontlik nadat die standplaas vakant geraak het.

**Aansoeke sluit op 30 Junie 2021.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, [ermelo@nhk.co.za](mailto:ermelo@nhk.co.za) of [rouxandry@gmail.com](mailto:rouxandry@gmail.com). Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **Vakante werkruiimte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

**Aansoeke** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com). Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

## Toerusting

- Die volgende byeenkoms van die **studiegroep** wat maandeliks saam 'n Bybelteks bestudeer, vind plaas op **Maandag 14 Junie van 09:30 tot 11:00**, fisies by Gemeente Philadelphia, of via Zoom (<https://us02web.zoom.us/j/81500709074>). Alle predikante en Bybelwetenskaplikes is welkom om aan te sluit en by te dra tot **insig in 1 Timoteus 3: 16**. Belangstellendes kan hul teenwoordigheid vooraf aan dr Wouter van Wyk bevestig by [wouter@nhk.co.za](mailto:wouter@nhk.co.za).

## 'n Gedig

### Aflegging

Jou verjaarsdag vier ek sonder jou vandag  
daar waar jy nou vertoef in 'n hemelse tuin,  
versend ek hierdie boodskap, moeder:  
*Elke oujaarsdag was daar vieringe  
rondom jou geboortedag op die jaarend.  
'n Piekniek toe ons kinders was in Kirstenbosch  
en later so op die oujaar, het jy klavier gespeel  
in jou huis met 'n tuin vol blomme en struik.  
Later al reisende het ek uit vreemde ruimtes  
jou opgebêel en uit 'n koue New Haven 'n gedig  
gepos, 'n hartskrif, ons verskille ten spyt.  
Langs die corniche, verby Koeëlbaai bely  
jy oor dít wat van jou jeug ons vir altyd sal bybly.  
Die skrandere kind van 'n Wellingtonse vrugteboer.  
Iewers, dit weet ek, word die kind trooster,  
optekenaar, bemoediger in 'n diftong van ek/jy.  
Vandag sou ek al ons misverstande wou herroep  
soos 'n mens 'n e-pos delete, 'n brief opskeur ...  
En ek wat my so eindeloos op stilte beroep,  
die tweeklanke van verlies verken, berym,  
pleit om jou vir oulaas weer op te roep.*

**Joan Hambidge**

(LitNet: Boeke en skrywers 06/02/2020)

## Barmhartigheid

- **NHKA Diakonaat**, Diensveld Armoede. **Gratis webinaar: Die droom van 'n beter lewe. Donderdag 17 Junie 19:00-20:30.** Paneellede: Dr Martin J van Rensburg; ds Marissa Kidson; mnr Barend la Grange (South Africa Day); en diak Andries Pretorius. Navrae: Dr Martin J van Rensburg 083 633 7335.
- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: Tooi Turkoois vir Bejaardes.** Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy. Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082.
- **Bejaardesorg.** Die Bybel sê die mens se lewensduur is 70 jaar en as jy baie geseënd is, 80 jaar. Ons beleef egter almal dat, met die goeie gesondheidsorg wat deesdae beskikbaar is, baie mense baie ouer as 80 jaar word. Dit bring egter steeds mee dat die liggaam ouer word en nie meer kan doen wat hy gewoon was om te doen nie. Dis waar ons as gelowiges inkom om 'n verskil te maak by bejaardesorg. **Die Ons Tuis-groep, waarvan die NHSV deel is,** doen besondere werk om om te sien na die bejaardes in hul sorg. Daar word versorg en vertroos, gehelp en getroetel. Die bejaardes is ingehok weens die Covid-19-pandemie – hulle kan nie vrylik kom en gaan soos gewoonlik en familie en vriende sien en kuier nie. Die inentingsprogram is egter op dreef en verloop vlot. Om na behore na ons bejaardes om te sien, bly Ons Tuis egter **afhanklik van donasies en welwillendheid.** As jy nie daar kan bystaan nie, is daar meer as genoeg geleentheid in jou eie gemeente en gemeenskap om te help. Doen dit asseblief!
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.



- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoning te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Allegaartjie

“Ons moet nou op ander mense begin vertrou om te oorleef. Dit word 'n enorme (mensgemaakte) risiko om 'n straat oor te steek, om in 'n motor te ry of in 'n vliegtuig te vlieg, om in 'n hysbak te ry. In 'n wêreld met hierdie mensgemaakte ontwikkelinge kan ek slegs oorleef as ek op ander mense, wat weet wat hulle doen, kan staatmaak – mense wat motors en vliegtuie en hysbakke veilig laat werk. Presies dieselfde beginsel is van toepassing wanneer ons onself laat inent. Natuurlik het bloedweinig van ons al die kennis wat die risiko's, wat wel bestaan, tot die minimum sal beperk. Maar soos oral elders in die moderne wêreld moet ons op deskundiges kan vertrou. Sonder vertrou is lewe in moderniteit onmoontlik.” (Prof Anton van Niekerk, in *Beeld*, 8 Junie 2021)

## Fondsinsamelings

- **Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike dienste nooi u om in te skryf en **24 Augustus** saam met ons te kom geniet by **Silver Lakes, Pretoria**. Ons nooi gemeentes om hul gholfentoesiaste aan te spoor om spanne vir die gemeente of hul besighede in te skryf. WhatsApp GHOLF na 064 437 5997 en ons sal die nodige inligting deurstuur. Annelie Flanagan kan ook gekontak word vir navrae, by [info@rata.org.za](mailto:info@rata.org.za).
- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- tot 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend

afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir ons mense wat worstel met Covid-19

Barmhartige God, hoor ons vurige gebed  
vir almal wat ly weens die koronavirus.  
Mag diegene wat die virus opgedoen het,  
die regte behandeling ontvang,  
en die vertroosting van u helende teenwoordigheid ervaar.  
Mag hul versorgers, familie en naastes  
beskut wees teen die aanslag van die virus.  
Vertroos dié wat rou oor die verlies van geliefdes.  
Beskerm en lei dié wat werk met die entstowwe,  
sodat hul werk die siekte kan oorwin,  
en die eenheid en gesondheid van gemeenskappe kan herstel.  
Help ons om bo die vrees uit te styg.  
Ons vra dit in die Naam van u Seun, Jesus,  
en die Heilige Gees,  
nou en vir altyd.  
Amen.

Engelse weergawe: The Southern Cross  
(Vertaal deur Tessa Oppermann)

<https://www.scross.co.za/2021/03/prayer-for-healing-from-covid-19/>